Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# JOU KONTRAK 2025

Die kontrak is van toepassing op alle studente wat vir voorgraadse en nagraadse studies aan die Universiteit Stellenbosch ("die Universiteit") aansoek doen en registreer.

Jy en, indien van toepassing, jou ouer(s) of voog(de) moet die kontrak teken. Hierdie kontrak en jou aansoekvorm is die Universiteit Stellenbosch se ooreenkoms met jou en jou ouer(s) of voog(de). Sodra jy hierdie kontrak geteken het, tree dit in werking. Jy moet 'n afskrif van die getekende kontrak behou vir jou eie rekord. Jy moet hierdie Studentekontrak druk, teken, en oplaai op die Aansoekportaal wanneer jy 'n aanbod van die Universiteit aanvaar. Jy sal nie by die Universiteit kan registreer sonder 'n getekende kontrak nie.

Indien jy jonger as 21 jaar oud is, moet jy ook verseker dat Afdeling C, met betrekking tot borgskap, voltooi word.

## 1. ONS VERSKAF INLIGTING, HULPMIDDELS EN ONDERSTEUNING

Ons verskaf die inligting, hulpmiddels en ondersteuning wat jy nodig het om jou kwalifikasie binne die voorgeskrewe tyd te kan verwerf. Jy bly egter verantwoordelik om binne daardie tyd te kwalifiseer.

Ons mag ons programme, en hoe ons dit aanbied, verander om aan professionele akkreditasie-liggame en regeringsvereistes te voldoen. Ons kan nie waarborg dat die vakke wat ons as deel van jou program aanbied, dieselfde sal bly gedurende jou studies nie. Die manier waarop ons jou program aanbied (bv. in 'n klaskamer of aanlyn) mag ook verander. Ons onderneem om openlik en deursigtig te wees en jou van enige veranderinge in kennis te stel sodra ons kan.

## 2. KORREKTE INLIGTING IS BELANGRIK

Al die inligting wat jy verskaf moet korrek en volledig wees. Ons mag die inligting wat jy verskaf met derde partye of ander unversiteit verifieer. Indien die inligting nie korrek of volledig is nie, kan die Universiteit jou aansoek van die hand te wys of jou registrasie kanselleer.

## 3. VOLG DIE UNIVERSITEIT SE REËLS

Jy moet die beleide, reëls, en regulasies (die "reëls") van die Universiteit, die fakulteit waar jy toegelaat is, en jou Universiteitsverblyf, nakom soos dit van tyd tot tyd verander. Hierdie reëls word in die Universiteit se Jaarboek en op die webblad gepubliseer. As hierdie kontrak teenstrydig is met die reëls, dan is die reëls van toepassing. Sou jy die reëls verontagsaam, kan dit tot dissiplinêre aksie soos skorsing, of verdere regsaksie (bv. 'n eis vir skadevergoeding en strafregtelike prosedures), of albei lei.

## 4. MAAK SEKER DAT JY KORREK REGISTREER

Jy moet elke jaar vir jou program en modules registreer. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy aan die program-spesifieke vereistes voldoen en dat jy vir die regte programme en modules registreer. Vind meer uit oor die goedgekeurde kurrikulum vir jou program in jou fakulteit se gedeelte in die Jaarboek en by http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx.

## 5. MAAK SEKER JY HET AKKOMMODASIE

Akkommodasie is nie in die akademiese aanbod ingesluit nie. Dit is jou verantwoordelikheid om akkommodasie te bekom, teen jou eie onkoste, voordat jy op kampus arriveer en registreer. Besoek www.maties.com vir meer inligting oor koshuise en privaat verblyf.

6. MAAK SEKER JOU FOOIE WORD BETYDS BETAAL

Jy moet al jou fooie betyds betaal. Vind meer hieroor uit in Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek en by http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat alle fooie ten volle en betyds betaal word, selfs as jou fooie deur iemand anders betaal word (bv. ’n ouer of voog, NSFAS, of ’n beurs).

As jou fooie nie betyds betaal word nie, sal rente gehef word teen die primakoers van die datum waarop die fooie betaalbaar was. Indien jou rekening nie ten volle betaal is nie, mag die Universiteit jou resultate of jou kwalifikasiesertifikaat weerhou, of weier om jou vir enige verdere modules of programme te registreer. Indien die Universiteit regstappe teen jou moet neem, moet jy ook alle regskoste (soos deur ons regsverteenwoordigers gehef) betaal.

Die adres wat jy aan die Universiteit verskaf het, is die adres wat jy gekies het om alle kommunikasie, kennisgewings en regsprosesse te ontvang, wat per geregistreerde pos, e-pos of per hand aan jou gestuur word. Jy moet die Universiteit in kennis stel indien jou adres verander.

7. RESPEKTEER INTELLEKTUELE EIENDOM

**7.1 Jy moet die intellektuele eiendom van die Universiteit respekteer**

Jy moet die Universiteit se intellektuele eiendom respekteer en mag geen werk wat aan die Universiteit behoort, sonder toestemming kopieër of deel nie. Werk wat aan die Universiteit behoort, sluit in alle kursusmateriaal soos klas- of studienotas, video’s, klankopnames, voorleggings, module-raamwerke, leeslyste, opsommings, of enige ander leesmateriaal, alle assesserings soos toetse, tutoriale, eksamens, opdragte of model-antwoorde, en alle sagteware, data, en databasisse.

Jou regte en verpligtinge met betrekking tot intellektuele eiendom is in die Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom aan die US (die IE-beleid) uiteengesit. Die beleid is beskikbaar op die Universiteit se webblad en vorm deel van hierdie kontrak. Die beleid mag van tyd tot tyd verander. Indien hierdie kontrak teenstrydig is met die IE-beleid, sal die beleid geld.

**7.2 Jy dra jou intellektuele eiendom oor aan die Universiteit**

Wanneer jy hierdie kontrak teken, dra jy alle intellektuele eiendomsregte in enige werk wat jy gedurende jou studies skep, aan die Universiteit oor. Dit sluit in alle opdragte, tesisse, verhandelinge, assesseringsnotas, persoonlike klasnotas, opsommings, plakkate, aanbiedinge, transkripsies, opnames, sagteware, hardeware, data of databasisse, of enige ander werk wat jy geskep, aangepas, of verander het. Die intellektuele eiendom in hierdie werke behoort aan die Universiteit en jy mag dit nie deel in enige vorm of toelaat dat ander dit kopieer, versprei, of inbreuk maak op die intellektuele eiendomsregte van die Universiteit op enige manier nie.

**7.3 Jy moet die intellektuele eiendom van derde partye respekteer**

Moenie die intellektuele eiendom van ander skend nie. Waar nodig, moet jy uitdruklike toestemming van die eienaars van intellektuele eiendom verkry om dit te gebruik, versprei, aanpas of kopieer. Wees versigtig om nie plagiaat te pleeg nie, en gee gepas erkenning aan die werke of idees van derde partye. Dit geld vir alle materiaal wat vir studiedoeleindes aan jou beskikbaar gestel word, soos handboeke, potgooie (“podcasts”), illustrasies, aanlynkursusmateriaal, aanbiedinge, en ander onderrig- en leerhulpmiddels.

8. GESONDHEID, VEILIGHEID EN SEKURITEIT

**8.1 Jou veiligheid is ons prioriteit**

Ons wil ’n veilige omgewing vir ons studente, personeel en besoekers skep. As studente of personeellede ’n gevaar vir hulself of ander inhou, sal die Universiteit stappe neem om die situasie aan te spreek (bv. deur die student van die perseel te verwyder ofom noodhulp of behandeling te versoek).

**8.2 Aansteeklike siektes**

As jy vermoed dat jy ’n aansteeklike of oordraagbare siekte onder lede het, moet jy jouself onmiddellik van alle Universiteitsaktiwiteite en -verblyf onttrek. Jy moet alle ander stappe neem om te verseker dat jy nie ander studente of personeellede aansteek nie.

Indien jy nie hierdie stappe neem nie, sal jy verantwoordelik wees vir enige eise teen die Universiteit. In regsterme vrywaar jy die Universiteit teen hierdie eise. Indien regstappe teen die Universiteit geneem word, moet jy ook alle regskoste (soos bepaal deur ons regsverteenwoordigers) betaal.

Indien die Universiteit van mening is dat jy ’n aansteeklike of oordraagbare siekte het, of dat jy aan enige ander siekte of toestand wat ’n risiko vir jouself of vir ander inhou ly, het ons die reg om:

- te vereis dat jy ’n mediese toets of behandeling ondergaan;
- jou bewegings op Universiteitsgronde te beperk;
- jou algehele toegang tot ons gronde te weier terwyl jy toetse ondergaan en tot die toetsresultate beskikbaar is; en
- afhangende van die toetsresultate, te vra vir verdere mediese toetse of behandeling ter bevestiging dat jy herstel het.

**8.3 Jy moet jou eie mediese behandeling betaal**
As jy mediese noodbehandeling nodig het en die Universiteit mediese hulp ontbied, moet jy alle verwante koste betaal, selfs as jy dit nie kon goedkeur nie.

9. BEPERKINGE VAN DIE UNIVERSITEIT SE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN JOU OF JOU EIENDOM

**9.1 Jy is verantwoordelik vir jouself en jou eiendom**
Die volgende bepalings is baie belangrik want dit beperk jou vermoë om te eis vir enige skade aan jou, jou eiendom, of die verlies van jou eiendom terwyl jy:

- op Universiteitseiendom is;
- deelneem aan 'n aktiwiteit wat verband hou met jou studies of opleiding;
- deelneem aan sport of enige ander buitemuurse aktiwiteite;
- een van ons persele, geboue, toerusting, of fasiliteite gebruik; of
- by enige van ons koshuise of van ons ander akkommodasie bly, of dit besoek.

Die Universiteit is verantwoordelik om te verseker dat sy eiendom, fasiliteite, en toerusting veilig is en dat jy behoorlike instruksies of waarskuwings vir die gebruik daarvan ontvang. As die Universiteit nie aan hierdie vereistes voldoen nie, is die Universiteit verantwoordelik vir enige skade wat aan jou of jou eiendom aangerig is, of vir die verlies van jou eiendom. In regsterme is die Universiteit aanspreeklik indien jou eis voldoen aan artikel 61 van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008. Met die uitsondering van die verantwoordelikheid waarna in hierdie paragraaf verwys word, sal die Universiteit nie verantwoordelik wees vir enige skade aan jou of jou eiendom nie (insluitend enige skade wat plaasvind as gevolg van hierdie skade en alle eise vanafhanklikes).

**9.2 Ons is verseker teen beserings**
Die Universiteit is verseker teen enige beserings wat jy mag opdoen terwyl jy aan aktiwiteite verwant aan jou studie deelneem. Hierdie dekking geld vir aktiwiteite op kampus, in ons laboratoriums en op uitstappies. As jy 'n eis wil indien, moet jy die Universiteit dadelik in kennis stel. Jy moet ook die versekerings-eisvorm so spoedig moontlik voltooi.

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir enige eise wat nie deur hierdie versekering gedek word nie.

10. STAKING VAN JOU STUDIES EN KANSELLASIE VAN JOU VERBLYF

Jy mag jou studies staak en jou verblyf kanselleer, maar jy sal steeds 'n gedeelte van die studie- en verblyfkoste moet betaal. Lees asseblief Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek by http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx om die proses te verstaan.

11. FORCE MAJEURE (GEBEURE BUITE ONS BEHEER)

Weens omstandighede buite ons beheer kan dit onmoontlik raak vir die Universiteit om dienste te lewer. Ons verwys hierna as 'force majeure'. Voorbeelde van 'force majeure' is pandemies of epidemies, regeringsaksies (bv. wanneer die Universiteit verplig word om te sluit), oorloë, onluste, stakings, vloede en ander uiterste weersomstandighede, aardbewings, ontploffings of beurtkrag (tekort aan energievoorraad).

Wanneer dit gebeur sal die Universiteit van redelike alternatiewe maniere (soos aanlynonderrig) gebruik maak om dienste te lewer of sal die Universiteit later dienste lewer (bv. deur die akademiese jaar aan te pas).

12. JOU PERSOONLIKE INLIGTING

Tydens jou studie sal die Universiteit jou persoonlike inligting verwerk om aan ons kontrak met jou, en die wette en regulasies wat op universiteite van toepassing is, te voldoen. Ouers of voogde het nie 'n outomatiese reg om jou inligting (ook akademiese resultate) te bekom nie.

Nadat jy jou studies voltooi het of nie meer 'n student is nie, sal die Universiteit voortgaan om jou persoonlike inligting te bewaar en te verwerk met die oog op rekordhoudingsdoeleindes en die voortsetting van ons verhouding met jou as alumnus van hierdie Universiteit.

As jy meer oor privaatheid by die Universiteit wil weet, besoek gerus ons webblad by https://www.sun.ac.za/privaatheid.

13. KONTAK ONS

Indien jy enige vrae het oor hierdie kontrak, kontak gerus Kliëntediens by 021 808 9111 of info@sun.ac.za.

14. MAAK DIT AMPTELIK

Druk die kontrak uit, teken waar van toepassing en laai op jou aansoekportaal wanneer jy jou aanbod aanvaar.

## A. DIE STUDENT

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam en van | | Datum | Y Y Y Y M M D D |
| Aansoeker ID | APP | Geboortedatum | Y Y Y Y M M D D |
| Handtekening | | | |

## B. OUER / VOOG TOESTEMMING (van toepassing op aansoekers jonger as 18 jaar)

As jy onder 18 is moet jou ouer of voog ook hierdie ooreenkoms teken om in te stem tot die ooreenkoms tussen jou en die Universiteit.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ouer/Voog : Naam en van | | Selnommer | (+27) |
| SA ID-nr | | Geboortedatum (indien geen SA ID) | Y Y Y Y M M D D |
| **OF** Buitelandse ID-nr | | Handtekening | |

## C. BORGSKAPOOREENKOMS (van toepassing op aansoekers jonger as 21 jaar oud)

Deur hierdie konktrak te onderteken bind jy jouself as 'n borg en medehoofskuldenaar vir al die student se uitstaande skuld en kostes wat aan die Universiteit verskuldig is. Dit beteken dat die Universiteit jou aanspreeklik kan hou vir enige skuld van die student, ongeag of die student jou toestemming gekry het om die skuld en kostes aan te gaan, of nie. Die studenterekening wat deur die Universiteit uitgereik word sal as bewys dien van die skuld en berekeninge daarvan.

Ons kan alle bedrae wat die student aan die Universiteit skuld, direk van jou eis, sonder om die skuld eers van die student te eis (in regsterme is jy gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik as borg en medehoofskuldenaar). Die adres wat die student aan die Universiteit verskaf het, sal dien as die adres waarby jy alle kommunikasie, kennisgewings en regsprosesse sal ontvang, wat per geregistreerde pos, e-pos of per hand aan jou gestuur word. Jy moet die Universiteit in kennis stel indien jou adres verander.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ouer/Voog A: Naam en van | | Selnommer | (+27) |
| SA ID-nr | | Geboortedatum (indien geen SA ID) | Y Y Y Y M M D D |
| **OF** Buitelandse ID-nr | | Handtekening | |
| Getuie 1: Naam en van | | Handtekening | |
| Getuie 2: Naam en van | | Handtekening | |

Indien ouers/voogde binne gemeenskap van goedere getroud is (julle het dus nie 'n kontrak onderteken voordat julle getroud is nie), moet albei ouers/voogde en twee getuies die kontrak onderteken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ouer/Voog B: Naam en van | | Selnommer | (+27) |
| SA ID-nr | | Geboortedatum (indien geen SA ID) | Y Y Y Y M M D D |
| **OF** Buitelandse ID-nr | | Handtekening | |
| Getuie 1: Naam en van | | Handtekening | |
| Getuie 2: Naam en van | | Handtekening | |

Registrateursafdeling | iCandelo leRejistra | Registrar's Division
Privaatsak X1, Private Bag X1, Matieland, 7602
Tel/Ifoni:: +27 21 808 9111 | www.sun.ac.za